

Die sondvloed



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 6:13 tot 7:10, 2 Petrus 2:5-9, Genesis 7, Romeine 6:1-6, Psalm 106:3, Genesis 8 asook hfst. 9:1-17.

Geheeteks: “Wanneer Ek, die Seun van die Mens, verskyn, sal dit gaan soos in die tyd van Noag” (Matteus 24:37, NLV).

“**D**ie Here het die omvang van die boosheid van die mensdom op aarde raakgesien. Hy het opgemerk dat hulle gedagtes gedurig sleg was” (*Gen. 6:5, NLV*). Die werkwoord “gesien” (*Gen. 6:5*) voer die leser terug na die skepping en elke keer wat God iets nuuts bygevoeg het. Wat die Here nou sien is egter allesbehalwe tov, oftewel “goed” – dit is *ra’*, d.w.s. “boos” (*Gen. 6:5*). Dit blyk dat God spyt was dat Hy die aarde geskep het, ’n aarde wat nou die ene *ra’* (*Gen. 6:5*) was.

Tog bespeur ’n mens ook elemente van die verlossingsplan in God se spyt. Die Hebreeuse woord vir “jammer / diep gegrief / spyt / berou” is *nakham*, en word weerspieël in Noag se naam (*Noakh*), wat “vertrouwing” beteken (*Gen. 5:29*). Die Here se reaksie op hierdie boosheid het dus twee kante. Dit bevat die dreigement dat Hy reg en geregtigheid sal laat geskied, wat party se ondergang beteken; en tog ook, die belofte van vertrouwing en genade, wat weer verlossing vir andere meebring.

Hierdie tweesydigheid van God se beslissings het ons reeds in die verhale van Kain en Abel of Set gehoor, en word herhaal in die kontras tussen die twee nageslagte, dié van Set (“die seuns van God”) teenoor Kain (“die seuns van die mens”). Hier in Genesis 6 gee die Here weer ’n tweesydigte beslissing, waar Hy onderskeid tussen Noag en die res van die mensdom tref.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 23 April.*

Vorbereiding vir die sondvloed

Lees Genesis 6:13 tot 7:10. Hier het ons 'n buitengewone verhaal uit die voorgeskiedenis van die mens. Wat kan ons daaruit leer?

Net soos Daniël is Noag 'n profeet wat die einde van die wêreld voorspel. Die Hebreuse woord vir ark (*tevah*) (*Gen. 6:14*) stem ooreen met die seldsame Egiptiese leenwoord [vir 'n ander tipe] “ark,” die mandjie waarin klein Moses versteek is om sy lewe te bewaar sodat hy die volk uit Egipte kon bevry (*Ex. 2:3*). Party meen ook dat Noag se ark betreffende sy algemene struktuur in bepaalde opsigte met die verbondsark ooreenstem (*Ex. 25:10*). Noag se ark het die oorlewing van die mensdom moontlik gemaak het. Insgelyks is die verbondsark 'n versinnebeelding van God se teenwoordigheid by die Israeliete (*Eks. 25:22*) wat wys op God se verlossingswerk ten gunste van sy volk.

Die woorde, “En Noag het dit gedoen. Net soos God hom beveel het, so het hy gedoen” (*Gen. 6:22, OAB*), dui op die einde van die voorbereidende gedeelte. Die Hebreuse werkwoord met Noag as onderwerp is ‘*asah* (oftewel, “het gedoen”). Dit stem ooreen met die werkwoord ‘*aseh* (oftewel “om te maak”) in God se bevel aan dié begin van hierdie afdeling (*Gen. 6:14*) en word vyf maal herhaal (*Gen. 6:14-16*). Noag se respons as 'n spieëlbeeld van God se opdrag is tekenend van die profeet se totale gehoorsaamheid aan God – God het gesê hy moet ‘*asah*, en so het hy toe gedoen. Interessant genoeg word hierdie werkwoord ook m.b.t. die bou van die verbondsark gebruik (*Ex. 39:32 en 42, Ex. 40:16*).

“God het die ark se presiese afmetings aan Noag gegee, en ook gesê hoe die ganse ark gebou moes word, tot in die fynste besonderhede. Die mens met al sy kundigheid kon nie met so 'n ongelooflike sterk en duursame ontwerp vorendag kom nie. God was die argitek en Noag die meesterbouer” - Ellen G. White; *Patriarchs and Prophets*, bl. 92.

Die ooreenkoms tussen die twee “arke” is weereens besonder treffend en herbevestig die feit dat beide basies 'n reddende funksie gehad het. Noag se gehoorsaamheid word dus as deel van God se verlossingsplan beskryf. Dié profeet is gered, en dit omdat hy bloot sterk genoeg in die geloof gestaan het om te doen soos God beveel het (*lees Heb. 11:7*). Hy is een van die vroeë menslike voorbeelde van gehoorsaamheid as die uitdrukking van 'n lewende geloof, die enigste tipe wat saak maak (*Jak. 2:20*).

Kortom: hoewel Noag “genade... in die oë van die Here gevind het” (*Gen. 6:8, OAB; woordorde aangepas*), was dit in reaksie op daardie genade, 'n genade wat Noag reeds voor die vloed-profesie geskenk is, dat hy God se bevele met getrouheid en gehoorsaamheid beantwoord het. Is dit nie hoe elkeen van ons behoort op te tree nie?

Lees 2 Petrus 2:5-9. Waarom is slegs Noag se gesinsgroepie gered? Wat leer 'n mens uit Noag se verhaal aangaande ons sending om die wêreld oor die komende oordeelsdag te waarsku?

Die sondvloed

Die werkwoord ‘*asah* (d.w.s. “maak”) waarvan ons vroeër gepraat het en wat met betrekking tot Noag gebruik is, is ook ’n sleutelwoord in die skeppingsverhaal in Genesis (*hfst. 1:7, 16, 25, 26 en 31, asook hfst. 2:2*). Noag se daade van gehoorsaamheid aan God is soos God se skeppingsdaade. Wat leer ’n mens uit hierdie verband? – dat die vloed nie net gaan oor God wat die mensdom straf nie, maar ook oor die feit dat Hy ons red.

Lees Genesis 7. Waarom herinner die beskrywing van die vloed ’n mens aan die skeppingsverhaal? Watter lesse kan ons uit die ooreenkomste tussen dié twee gebeure leer?

As ’n mens die verhaal oor die sondvloed aandagtig lees, merk jy dat baie woorde en uitdrukkings van die skeppingsverhaal ook daarin gebruik word: “sewe” (*Gen. 7:2, 3, 4 en 10, OAB; vgl. Gen. 2:1-3*); “’n mannetjie en ’n wyfie” (*Gen. 7:2, 3, 9 en 16, OAB; vgl. Gen. 1:27*); “volgens hulle soorte” (*Gen. 7:14, OAB; vgl. Gen. 1:11, 12, 21, 24 en 25*); “diere,” “voël,” “alles wat op die aarde kruip” (*lees Gen. 7:8, 14, 21 en 23, OAB; vgl. Gen. 1:24 en 25*); asook “asem van die lewe”/“lewensgees” (*Gen. 7:15 en 22, OAB; vgl. Gen. 2:7*).

Die verhaal van die sondvloed lees dus, tot ’n mate, soos die skeppingsverhaal. Hierdie spieëlbeelde van die skepping toon dat die God wat skep ook die een is wat vernietig (*Deut. 32:39*). Tog bespeur ’n mens in die ooreenkomste tussen die twee ook ’n boodskap van hoop: dat die vloed veronderstel is om ’n herskepping te wees, dat die Here ’n nuwe wêreld vanuit die water te voorskyn bring.

Hier herinner die gedagte van baie water aan die skepping, maar nou gebeur die teenoorgestelde met die water, soos wat in Genesis 1 gebeur het. In laasgenoemde is dit ’n skeiding van die waters onder die atmosfeer (*Gen. 1:7*). Met die vloed oorskry die onderskeie watermassas nou hul vasgestelde grense en ’n samevloeiing daarvan word teweeg gebring (*Gen. 7:11*).

Die boodskap in dié proses is skynbaar teenstrydig: God moet die dinge wat voorheen bestaan het tot niet maak, ten einde ’n nuwe skepping daarna moontlik te maak. Die skepping van die nuwe aarde noodsaak die tot niet maak van die oue. Die sondvloed gaan die toekomstige, eindtyd-verlossing van die aarde vooraf: “En ek het ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan” (*Op. 21:1, OAB; vgl. Jes. 65:17*).

Wat binne-in die mens [ons] moet vernietig word voordat ons herskep kan word? (*Lees Rom. 6:1-6*)

Die einde van die sondvloed

Genesis 7:22-24 beskryf die oorweldigende en omvattende uitwerking wat die vloedwaters gehad het, wat “al die lewende wesens verdelg” het (*Gen. 7:23, OAB*) en “die aarde honderd en vyftig dae lank oorstrom” het (*Gen. 7:24, NAB*). Dit is teen dié agtergrond van totale uitwissing en wanhoop dat iets gebeur: “Toe het God gedink aan...” (*Gen. 8:1, NAB, klem verskaf*). Hierdie sinsnede staan reg in die middel van die reeks tekserse wat met die sondvloed te make het, wat daarop dui dat dit die kernboodskap van die verhaal is.

Lees Genesis 8:1. Watter betekenis is hier opgesluit in die gedagte dat God aan Noag “gedink” het?

Die werkwoord *zakhar* (wat as “dink aan” vertaal kan word) beteken dat God nie van Noag-hulle vergeet het nie, en is meer as net ’n dink-oefening. Die “God wat dink” – wat beteken dit? Binne die raamwerk van die hele Skrif kom dit op die vervulling van God se belofte neer en verwys dikwels na verlossing (*lees Gen. 19:29*). Binne die konteks van die sondvloedverhaal beteken dié sinsnede dat die vloedwaters “toegegaan” het (*Gen. 8:2, OAB*) en dat Noag binnekort die ark sou kon verlaat (*Gen. 8:16*).

Hoewel Noag nie regstreeks beveel word om die ark te verlaat nie, doen hy die eerste stap en stuur ’n kraai[raaf], en daarna ’n duif uit, om te toets of die omstandighede buite gunstig is al dan nie. Wanneer die duif uiteindelik nie terugkeer nie, besef hy dat “die water op die aarde heeltemal weggedroog” was, waarna hy toe “die luik van die ark oopgemaak en uitgekyk [het]” (*Gen. 8:13, NAB*).

Noag se optrede is propvol praktiese lesse. Eerstens, dat ’n mens op die Here behoort te vertrou selfs al praat Hy nog nie direk met ’n mens nie. ’n Mens leer ook dat geloof nie die waarde van beredenering en beproewing uitskakel nie. Die verpligting om te dink, te ondersoek en te sien of dit wat ’n mens geleer het wel waar is – hierdie dinge word nie deur geloof uitgesluit nie.

Nogtans verlaat Noag nie die ark voordat God uiteindelik so sê nie (*Gen. 8:15-19*). Met ander woorde: selfs toe hy besef dat dit veilig is om die ark te verlaat, maak Noag steeds op God staat en wag vir die Here om hom die teken te gee voordat hy sy voet op droë grond sit. Die profeet het dus geduldig in die ark gewag. “Hy het op God se bevel ingegaan, nou wag Noag weereens op God se bevel om die ark te verlaat... Uiteindelik daal ’n engel uit die hemel neer, maak die massiewe deur oop, en sê die patriarg en sy huishouding aan om uit te gaan, om met alles wat [in die ark] leef en beef die aarde te betree” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 105).

Lees Genesis 8:1, hfst. 19:29, asook Psalm 106:4. Wat beteken die uitdrukking dat “God dink aan ...” ’n bepaalde bybelfiguur of groep? Wat beteken dié bybelwaarheid vir die moderne gelowige – d.w.s. hoe het die Here al aan jou getoon dat Hy “aan jou dink?”

Die verbond: deel een

Die oomblik vir die vervulling van God se verbondsbelofte aan Noag het nou aangebreek. Let op die Here se verbond met hom en sy huishouding: “maar met jou wil Ek ’n verbond sluit. Jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en jou skoonogters” (*Gen. 6:18, NAB*). In teenstelling met die goddelike dreigement om te vernietig (*Gen. 6:17*) beloof Hy met hierdie verbond om lewe te bring.

Lees Genesis 8:20. Wat het Noag heel eerste gedoen na hulle die ark verlaat het? Waarom?

Net soos Adam en Eva, wat beslis die Here op die Sabbat na die ses skeppingsdae aanbid het, het Noag ook die Here direk na die vloed, aanbid - ’n gebeurtenis wat opsigself ook ’n soort skepping was. Tog verskil die twee aanbiddingsgebare in ’n bepaalde opsig van mekaar. In teenstelling met Adam en Eva wat die Here direk aanbid het, moes Noag gebruik maak van ’n diereoffer. Dit is ook die eerste verwysing in die Skrif na ’n altaar. Noag bring ’n aantal diere as “brandoffers” (*’olah*) aan die Here, die oudste en mees algemene soort offer in die Bybel. Vir Noag was dié offer wat hy gebring net ’n dankoffer (*vgl. Num. 15:1-11*), as ’n dankseggingsgebaar aan die Skepper omdat Hy hul lewens gespaar [gered] het.

Lees Genesis 9:2-4. Hoe het die sondvloed die mensdom se dieet verander? Wat is die grondbeginsel van die beperkinge wat die Here hier instel?

Vanweë die vloed was daar nie meer enige plantkosse om te eet, soos dit voorheen die geval was nie. So laat die Here dan toe dat die mense diere eet. Hierdie dieetsverandering het ’n verandering in die band tussen mens en dier teweeg gebring, in teenstelling met hoe daardie band net na die skepping was. Volgens die skeppingsverhaal het mens en dier dieselfde plantdieet gevolg. Hulle het mekaar nie bedreig nie. Na die sondvloed verander die wêreld egter, met die slag van diere vir voedsel wat voortaan op ’n verhouding van vrees en skrik dui (*Gen. 9:2*). Toe hulle mekaar begin eet het, bevind mens en dier hulle ongetwyfeld in ’n verhouding baie anders as die een wat hulle in Eden gehad het.

Hoewel die Here dit verdra het, stel hy twee beperkings in. Eerstens, dat nie alle diere geskik is as voedsel nie. Dié beginsel kan ’n mens aflei uit die onderskeid tussen “rein en onrein,” wat ook deel van die skeppingsbestel was (*lees Gen. 8:19 en 20, vgl. hfst. 1:21 en 24*). Die tweede beperking het God pertinent genoem, en dit was nuut: ’n verbod op die eet of drink van bloed omdat die dier se lewe in die bloed is (*Gen. 9:4*).

Die verbond: deel twee

Lees Genesis 8:21 tot 9:1. Wat is die betekenis van God se verbintenis tot die bewaring van lewe? Hoe vervul die seëning, wat God hier gee, daardie verbintenis?

God se verbintenis tot die bewaring van lewe hier, was 'n genadegawe; en het niks met enige verdienstelikheid by die mens te doen gehad nie. Die Here het besluit om, ten spyte van die boosheid van die mens, lewe op aarde te bewaar (*Gen. 8:21*). Vers 22 sê vir ons hoe lank God se verbintenis hiertoe was: “solank as die aarde bly staan” (*NAB*); d.w.s. solank as wat die teenswoordige wêreld bestaan sal die seisoene kom en gaan, sal lewe in stand gehou word. Kortom, God het nie opgegee met sy skepping nie.

Om die waarheid te sê, in die volgende teksvers, wat oor God se seëninge gaan, word 'n mens teruggeneem na die oorspronklike skepping en die seëning wat dit ontvang het (*Gen. 1:22 en 28, hfst. 2:3*). In 'n sekere sin gee die Here die mens 'n kans om 'n nuwe blaadjie om te slaan, om van nuuts af te probeer.

Lees Genesis 9:8-17. Wat beteken die reënboog? Hoe hou hierdie “teken... van die verbond” (*Gen. 9:13, NAB/OAB*) verband met die Sabbat, wat ook 'n teken van die verbond is?

Die sinsnede, “Ek rig my verbond met julle op,” word drie maal gebruik (*Gen. 9:9, 11 en 17; OAB*), en dui die klimaks en vervulling van God se oorspronklike belofte aan (*Gen. 6:18*). Na die voorafgaande gedeelte, wat met die ses dae van die skepping ooreenstem, stem hierdie gedeelte ooreen met die gedeelte in die skeppingsverhaal wat met die sewende dag, die Sabbat, te doen het. In Genesis stem die woord “verbond” sewe keer ooreen met die Sabbat. Net soos die Sabbat is die reënboog 'n teken van die verbond (*Gen. 9:13, 14 en 16; vgl. Eks. 31:12-17*). Boonop het die reënboog, net soos die Sabbat, 'n universele omvang; d.w.s. dit is van toepassing op die ganse aarde. Net soos die Sabbat wat vir almal 'n teken van die skepping is, is die belofte dat daar nooit weer 'n wêreldwye vloed gaan wees nie, 'n teken vir almal, oral op die planeet.

Dink aan al God se beloftes aan die mens wanneer jy weer 'n reënboog sien. Hoekom kan ons op al daardie beloftes peil trek, en hoe toon die reënboog dat 'n mens wel op God en sy beloftes kan vertrou?

Vir verdere studie: 'n Vergelyking tussen die mentaliteit en gedrag van die mensdom asook die toestand van die wêreld voor die vloed enersyds, met die hedendaagse mens andersyds, is besonder insiggewend. Die boosheid van die mensdom is gewis nie 'n nuwe verskynsel nie. Let dus op die ooreenkomste tussen die mense van dié twee tydvakke.

“Die sondes wat God se oordele op die mensdom voor die vloed genoodsaak het, bespeur 'n mens in die hedendaagse wêreld. God word nie meer gevrees nie. Aan sy gebod steur die mens hom [of haar] nie meer nie; hulle minag dit. Dieselfde intense wêreldsheid van die vloedgeslag is nou ook by die hedendaagse mens te bespeur... God het nie die mense voor die vloed veroordeel omdat hulle geëet en gedrink het nie... Nee, hul groot sonde was dat hulle hierdie dinge geniet het sonder om die Gewer van daardie gawes te dank, en dat hulle in diere ontaard het deur alle matigheid in die wind te slaan. [Let op] die huwelik, 'n geoorloofde instelling. Dit is hoe God dit beskik en was een van sy eerste instellings by die mens. Hy het bepaalde voorskrifte m.b.t. hierdie gebruik gegee. Hy het dit geheilig en iets moois gemaak. Tog is daardie voorskrifte [voor die vloed] agterweë gelaat. Die instelling is verdraai en het in diens van vleeslike wellus gestaan. Hierdie toedrag van sake herhaal hom nou weer. Aan dinge wat opsigself geoorloof is, vergryp die mense hulle... [Boonop] vier bedrog, omkoopery en diefstal hoogty en bly ongestraf; van die boonste gestoeltes tot voetsoolvlak. In die media is dit net moord en doodslag waar jy kyk... 'n Gees van anargie het oorgeneem by die nasies, en die skielike gebeure, wat telkens die wêreld skok, is bloot 'n aanduiding van die opgebottelde drifte en wetteloosheid wat, sodra dit 'n bietjie skiet kry, die aarde in ellende en verwoesting sal dompel. Die prentjie wat die Skrif oor die wêreld voor die vloed skilder, verwoord besonder netjies die toestand waarop die moderne samelewing spoedig afstuur. Selfs nou, in hierdie tydvak waarin ons leef, en boonop in lande wat bely om Christelik te wees, is daar misdade wat daagliks gepleeg word, wat net so boos en verskriklik as dié is wat tot die vernietiging van ouwêreldse sondaars gelei het” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, ble. 101, 102.

Vrae vir bespreking:

- ① Wat is die basiese eienskappe van die samelewing wat voor die vloed geleef het, en ons s'n? Wat leer 'n mens daaruit aangaande God se genade; oor die feit dat Hy, ten spyte van al dié dinge, die wêreld liefhet en steeds elkeen probeer red wat gered wil word?
- ② Sommige mense redeneer dat die sondvloed slegs 'n plaaslike, en nie 'n wêreldwye gebeurtenis was nie. Wat is fout met dié siening? Gestel dit is so. Elke plaaslike vloed (en ook elke reënboog) sou dus getuig dat God 'n leuenaar is. Hoe so?